# education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noordwes Departement van Onderwys
North West Department of Education
**NORTH WEST PROVINCE**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## SEPTEMBER 2014

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees die instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.


9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: ARTIKEL

Lees deur die teks en beantwoord die vrae wat volg.



# Christian ...

## die ware verhaal van 'n leeu in Londen

1 Christian se verhaal begin in 'n meubelwinkel, in Londen, Engeland. Die voorraad in die winkel het hoofsaaklik bestaan uit die gewone items wat in meubelwinkels aangetref word. Sou jy egter op 'n Sondag deur die vertoonvenster kyk, sou iets baie ongewoon jou aandag trek en dìt was nie opgestop nie.

2 Christian, die leeu, het 'n *meubelwinkeltroeteldier* geword toe John Randall en Ace Bourke, die eienaars van die meubelwinkel, hom in 1969 van die afdeling vir eksotiese diere in die bekende afdelingswinkel Harrods gekoop het. Hulle het hom na hul meubelwinkel geneem waar hy sy eie leefruimte gekry het, met 'n leeugroot sandbak wat hy getrou gebruik het.

3 Vir oefening is hy toegelaat om in 'n begraafplaas daar naby rond te hardloop en saam met sy baas met 'n sokkerbal te speel. John en Ace, sy nuwe eienaars, het baie tyd spandeer om na Christian om te sien. Om 'n leeuwelpie groot te maak en te voer, was baie werk.

4 Die jong leeu het beslis oor 'n sin vir humor beskik. Hy kon lank doodstil in die vertoonvenster van die winkel sit, terwyl mense na hom kyk. Wanneer hulle dan besluit het dat hy nie lewendig was nie en hulle wou wegloop, het hy sy kop stadig gedraai en die toeskouers groot laat skrik. Almal was mal oor Christian. Hy het 'n plaaslike ster geword. Hy was goedgemanierd en het nooit iemand seergemaak nie.

5 As welpie het hy 35 pond geweeg, maar in die eerste jaar het hy ontplof in 'n reus van 185 pond. Dit het duidelik geword dat hy nie in Londen sou kon bly nie. Twee filmsterre wat besig was met die verfilming van die Afrika rolprent "Born Free", besoek in diè tyd die meubelwinkel. Hulle vertel vir John van George Adamson, 'n wildbewaarder, wat leeus rehabiliteer om weer in hul natuurlike omgewing te funksioneer. Hulle was oortuig dat hy Christian sou kon help.

6 Hulle het met George kontak gemaak, maar hy het hulle gewaarsku dat Christian, wat in 'n Britse dieretuin gebore is, dalk glad nie in Afrika sou aanpas nie. Toe hy twaalf maande oud was, word hy na Kenia gevlieg, vergesel van sy twee eienaars.

7 In Kenia gaan hulle onmiddellik na die Kora reservaat, waar daar geen menslike inwoners was nie. George het aan hulle verduidelik dat dit belangrik was om George deel van 'n trop te maak, omdat hy as alleenloper nie sou oorleef nie.

8 Christian word voorgestel aan Boy, 'n ander mak leeu. Christian het sommer dadelik nader geloop om te groet. Boy het niks daarvan gehou nie. Die twee leeus is daarna deur 'n draadheining geskei, sodat hulle aan mekaar gewoond kon raak. George het gou vasgestel dat Boy die dominante leeu was en toe Christian eers geleer het om hom te respekteer, was die twee onafskeidbaar. George het toe ook 'n wyfiewelpie met die naam Katiana bygevoeg en daagliks met die drie in die bos gaan stap.

9 Boy is later deur wilde leeus doodgebyt en almal het gedink dit is moontlik die einde van die eksperiment. George het egter geweier om moed op te gee. In 1974 het hy vir John en Ace laat weet dat Christian nou as wilde leeu in Afrika lewe. Hy het geleer om sy klein familie te beskerm en Katiana het die lewe geskenk aan haar eerste welpies. Die trop is daarna al hoe minder rondom die kamp gesien.

10 John en Ace het besluit om hom finaal te gaan groet. George het hulle gewaarsku dat hulle moontlik hulle tyd mors, omdat hy Christian maande laas gesien het. Hulle het besluit om tog maar die lang reis te onderneem. Met hul aankoms by die kamp, het George hulle met goeie nuus ingewag. Christian en sy wyfies was terug en net buite die kamp.

11 Die ontmoeting wat daarna gevolg het, was ongelooflik! Vir 'n oomblik het Christian gehuiwer en toe het hy sy vorige eienaars herken. Hy het sonder enige teken van aggressie met sy groot lyf nader gedraf en teen hulle opgespring. Hy het met hulle gespeel soos toe hy nog 'n welpie was. Hy het hulle toegelaat by Katiana en die welpies. Daar is 'n video gemaak van die herontmoeting en dit was die laaste keer dat Christian en sy trop gesien is.

[Verwerk uit: http:www.kidzwold.com/article/24196]

WOORDEBOEKGEBRUIK

**eienaar,** besit eiendom. Eng. owner.
**meubelwinkel,** winkel wat huisraad verkoop. Eng. furniture store.
**vertoonvenster,** vertoon verkoopsware. Eng. display window.
**wildbewaarder,** werk met wilde diere. Eng. game ranger.
**ongelooflik,** moeilik om te glo. Eng. unbelievable.

[Uit: Van Schaik Verklarende Woordeboek en Pharos Tweetalige Woordeboek]

1.1 Haal TWEE woorde uit die sub-opskrif aan, wat aandui dat die gebeure in die teks werklik plaasgevind het. (1)

1.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.2) en die letter (A–D) neer.

"… sou iets baie ongewoon jou aandag trek …" (paragraaf 1)

Die woord "iets" in die aanhaling hierbo verwys na …

A die meubels in die vertoonvenster.
B die eienaars van die meubelwinkel.
C die teenwoordigheid van 'n leeu in die meubelwinkel.
D die interessante glas waarvan die vertoonvenster gemaak is. (1)

1.3 Waar het Christian se eienaars hom gekry? (1)

1.4 Om 'n leeu groot te maak, vereis baie harde werk.

1.4.1 Noem EEN maatreël wat hulle getref het om Christian se nuwe blyplek vir hom so gerieflik moontlik te maak. (1)

1.4.2 Wat het hulle gedoen om te verseker dat hy genoeg oefening kry? (1)

1.5 Haal 'n sin uit paragraaf 4 aan wat bewys dat Christian baie bekend geword het. (1)

1.6 Bestudeer paragraaf 5.

Bereken hoeveel gewig Christian in die eerste jaar van sy lewe opgetel het. (1)

1.7 Wat was die rede vir Christian se reis na Kenia? (1)

1.8 Skryf EEN woord uit paragraaf 5 neer wat aandui dat Christian in Afrika 'n proses sou deurgaan wat sy leefwyse sou verander. (1)

1.9 Daar was geen twyfel dat Christiaan in Afrika sou aanpas nie.

1.9.1 Dui aan of die stelling hierbo WAAR of ONWAAR is. (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord uit paragraaf 6. (1)

1.10 Bestudeer paragraaf 7.

" …waar daar geen menslike inwoners was nie…"

1.10.1 Waarom dink jy was dit belangrik dat daar geen of baie min mense tydens die rehabilitasieproses teenwoordig moes wees? (1)

1.10.2 Dink jy dit is goed om wilde diere as troeteldiere aan te hou? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.11 Noem TWEE dinge wat George gedoen het om Christian aan ander leeus bekend te stel. (2)

1.12 Lees paragraaf 9 weer.

" ...almal het gedink dit is moontlik die einde van die eksperiment. "

Dink jy hulle het rede gehad om bekommerd te wees?
Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 George het vir Christiaan se eienaars gesê dat dit dalk nie die moeite werd sou wees om die lang reis na Afrika te onderneem nie.

Wat was die rede daarvoor? (1)

1.14 Verduidelik waarom die gebeure in paragraaf 11 as "ongelooflik" beskryf word. (1)

1.15 Dit sou dalk beter gewees het as Christian nooit aan die twee mans verkoop is nie.

1.15.1 Sou jy die stelling hierbo as 'n FEIT of 'n MENING beskryf? (1)

1.15.2 Haal EEN woord uit die sin hierbo aan as bewys vir jou antwoord. (1)

**[20]**

**TEKS B: RESENSIE**

Lees die teks en die voorblad en beantwoord die vrae.




Hier is 'n heerlike avontuurverhaal wat ouer lesers en jongelinge sal geniet. Die boek is ook in Engels vertaal en is met 'n ander voorblad uitgegee as "Scarred Lions".

Buyi is 'n Zoeloeseun wat in Londen gebore is. Sy ouers se paaie skei reeds voor sy geboorte en sy ma verhuis na Londen. Vir baie jare het hy geen kontak met sy wildbewaarder-pa wat in Afrika woon nie.

Buyi se probleme by die skool en finansiële druk, laat sy ma besluit dat dit tyd is vir sy pa om ook sy verantwoordelikhede te begin nakom.

Toe hy veertien jaar oud is, word hy per vliegtuig na sy pa, wat op 'n wildplaas in Limpopo werk, gestuur. Afrika is vir hom net so vreemd soos sy pa. Dit lyk boonop of sy pa glad nie van hom hou nie.

[Verwerk uit: http//www.bloemfonteincourant.co.za/artikel 56]

1.16 Vind TWEE opeenvolgende woorde in die teks waaruit die leser kan aflei dat hierdie 'n lekker, opwindende storie is. (1)

1.17 Die verhaal is slegs geskik vir kinders.

1.17.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

1.17.2 Haal 'n sinsnede uit die teks aan as bewys vir jou antwoord. (1)

1.18 Noem TWEE redes uit die teks waarom Buyi se ma hom na Afrika stuur. (2)

1.19 Kyk na die illustrasies op die voorblad van die boek.

Noem EEN tegniek wat gebruik word om die TITEL van die boek te beklemtoon. (1)

1.20 Hou beide TEKS A en TEKS B in gedagte by die beantwoording van hierdie vraag.

Maak gebruik van die WOORDBANK om die woorde wat uitgelaat is in te vul.

| **trein, John, Johannesburg, Londen, vliegtuig, Christian, Afrika** |
|---|

Net soos 1.20.1… die leeu, is Buyi ook in 1.20.2 … gebore.
Albei van hulle word per vliegtuig gestuur en moet aanpas in
1.20.3 … wat eintlik die plek is waar hulle wortels lê. (3)

1.21 In beide die tekste raak die leser emosioneel.

Beskryf in EEN volsin hoe die dinge wat met die karakters in die TWEE tekste gebeur het, jou laat voel. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: ONTWIKKEL JOU EIE VOEDSELTUIN.

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Som die teks op, deur SEWE voorstelle vir die skepping van ‘n organiese voedseltuin neer te skryf.
- Skryf die voorstelle puntgewys onder mekaar neer.
- Skryf elke voorstel in ‘n volsin neer.
- Laat ‘n lyn oop na elke voorstel.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C: Voorstelle vir die skep van ‘n organiese voedseltuin.**



1 Die vinnig veranderende klimaat in Afrika, maak dit noodsaaklik dat mense opgevoed word om hul eie voedsel te verbou en van metodes gebruik te maak wat die minimum water en chemiese stowwe benodig. Hier volg ‘n paar voorstelle vir die ontwikkeling van ‘n voedseltuin.

2 Dit is nodig om soveel water as moontlik op te vang wanneer dit reën om die druk op ons waterbronne te verlig. Kry dus ‘n houer soos ‘n tenk om die maksimum natuurlike water te stoor.

3 ‘n Stukkie vrugbare grond, sonder rotse, wat genoeg sonlig kry, is die beste plek vir jou tuin. Die grond waarop jy besluit, moet vir ‘n redelike tydperk beskikbaar wees, omdat dit lank neem om ‘n groentetuin te vestig.

4 Natuurlike bemesting soos kompos en dieremis lok baie insekte. Sorg dat die area waar jy jou kompos maak, ver genoeg van jou tuin is, sodat insekte nie jou groente aanval nie.

5 Maak gebruik van sade uit die omgewing of van sade van ander boere rondom jou. Probeer om nie geneties-gemanipuleerde sade te gebruik nie.

6 Ontwikkel jou eie saadbank. Dit is beter om eers die saadjies te laat opkom. Wanneer die saailinge redelik sterk is, kan jy dit in jou tuin uitplant.

7 Lê jou tuin so uit dat daar plek is om te beweeg. 'n Goeie idee sal wees om paadjies tussen jou groentebeddings te maak.

8 'n Grens om diere en insekte uit te hou, is ook baie belangrik. Plante soos kaktusse hou bokke weg en sekere soorte blomme verdryf skadelike insekte.

[Verwerk uit: *'n Duisend tuine,* www.slowfoodfoundation.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 26 September 2013]

3.1 Hoeveel van die boeke is reeds uitgegee? (1)

3.2 Pas die kenmerke van 'n goeie advertensie in kolom B by die sinsnedes in kolom A. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord (A–D) neer, bv. 3.2.4 D

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.2.1 Beskikbaar by boekwinkels landwyd en aanlyn. | A. Kreatiewe taalgebruik. |
| 3.2.2 Propvol skreeusnaakse tekenprente. | B. Verskaf volledige inligting. |
| 3.2.3 Praatborrels met hoofletters. | C. Beskrywing van die adverteerder. |
| | D. Beklemtoning van sekere aspekte. |

(3)

3.3 Noem enige tegniek waarvan die adverteerder gebruik maak om die KOP van die advertensie te beklemtoon. (1)

3.4 "… 94 000 aanhangers kan nie verkeerd wees nie!"

3.4.1 Skryf die getal 94 000 in woorde. (1)

3.4.2 Verskaf 'n ANTONIEM vir "verkeerd". (1)

3.5 Skryf 'n voorbeeld van 'n INTENSIEWE VORM uit die teks neer. (1)

3.6 Wie dink jy is die teikengroep van die advertensie? (1)

3.7 Kies die antwoord wat NIE korrek is nie. Skryf slegs die vraagnommer (3.7) en die antwoord (A–D) neer.

Die gebruik van die woorde "Kry joune nou!" is effektief omdat dit …

A die leser betrek.
B in hoofletters geskryf is.
C die naam van die boek is.
D die leser se aandag daarop vestig. (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

Die vrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.

1.

2.

3.




# OUBAAS SE HONNE

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 26 September 2013]

4.1 "… by hierdie 100 meter hoë waterval af te spring!" (Praatborrel 1)

4.1.1 Verskaf die korrekte AFKORTING vir meter. (1)

4.1.2 Gee die VERKLEINWOORD van waterval. (1)

4.2 Skryf die volgende sin in die NEGATIEWE VORM.

"Oortjies daar is iets wat jy moet verstaan." (2)

4.3 Gee die OORTREFFENDE TRAP van "baie". ( Praatborrel 2.) (1)

Kopiereg voorbehou

4.4. Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Wagter en Oortjies sit en kyk … die waterval. (1)

4.5 Skryf die volgende sin in die INFINITIEF.

"Bulhonde deins vir niks in die lewe terug nie."

Begin so: Bulhonde behoort … (1)

4.6 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Wagter sê: "Ek gaan eendag uitvind wie my afgestamp het." (2)

4.7 Dink jy Wagter wou regtig van die waterval afspring?

Gee jou antwoord in EEN volsin. (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 5: PROSA EN PRENT

### TEKS F

Lees die teks en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 26 September 2013]

5.1 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Daar is ongeveer 5,4 miljoen elektriese geisers in huise regoor Suid-Afrika. (1)

5.2 Verander die onderstaande sin in 'n VRAAG, sodat die onderstreepte gedeelte in die sin die antwoord op die vraag is.

Skakel jou geiser af <u>om krag te bespaar</u>. (1)

5.3 Verbind die volgende sinne deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.

Skakel jou geiser tydens spitstye af.
Jy help om druk op die nasionale kragnetwerk te verlig. (sodoende) (1)

5.4 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Deur minder krag tydens spitstye te gebruik, help ons om die kragnetwerk te (stabiel). (1)

5.5 Skryf die TWEE woorde waaruit "kragnetwerk" saamgestel is, neer. (1)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die hoeveelheid elektrisiteit (met wat, waarmee, wat met) geisers water verwarm, is enorm. (1)

5.7 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

ESKOM waarsku dat ons te veel druk op die nasionale kragnetwerk plaas. (1)

5.8 Rangskik die sinsdele in die KORREKTE VOLGORDE.

Ons moet/probeer/om meer krag te bespaar/daagliks. (1)

5.9 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Eskom verskaf baie inligting in verband met kragbesparing.

Begin so: Baie ... (1)

5.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf die vraagnommer (5.10) en die antwoord (A–D) neer.

'n Persoon wat met elektrisiteit werk, noem ons 'n ...

A elektrisien
B elektrieser
C elektrisiën
D elektrisïen (1)

5.11 Bestudeer die volgende sin.

Die inwoners van Suid-Afrika weet nie hoe om elektrisiteit verantwoordelik te gebruik nie.

5.11.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die sin hierbo is 'n voorbeeld van (positiewe kritiek/stereotipering). (1)

5.11.2 Motiveer jou keuse by VRAAG 5.11.1. (1)

5.12 Vervang die woorde tussen hakies met EEN woord.

Dit is goed om jou geiser (in die aande) af te skakel. (1)

5.13 Noem nog EEN manier om elekrisiteit te bespaar, buiten om jou geiser af te skakel. (1)

**TEKS G: PRENT**

Bestudeer die teks en beantwoord die vrae.




5.14 "I am so happy!"

Skryf die sin hierbo oor in Afrikaans. (1)

5.15 Kyk na die gesiguitdrukkings van die kinders op die prentjies.

Gee nou die korrekte vorm van die DEELWOORD tussen hakies.

Die (lag) kinders geniet die voedsame sop en broodjies. (1)

5.16 "Dis ongelooflik watter verskil 'n koppie sop kan maak."

Verduidelik in jou eie woorde watter verskil 'n koppie sop kan maak. (1)

5.17 SHOPRITE verskaf brood en gesonde sop aan minderbevoorregte kinders.

Voltooi die volgende sin deur die ontbrekende woord in te vul.

Shoprite demonstreer 'n … houding teenoor die gemeenskap. (1)

5.18 Herskryf die volgende sin deur die korrekte lees- en skryftekens in te vul.

n woordvoerder van shoprite se dat hulle reeds duisende kinders gehelp het. (2)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou